



Lewegewende Gemeente

## 30 SEPTEMBER 2018

**09:00 Erediens**

Eric Scholtz

**18:00 Aanddiens – Kapel**

Fay van Eeden



## 7 OKTOBER 2018

**09:00 Erediens – Doop**

Fay van Eeden

**09:30 Lynnwood Oord-diens**

Eric Scholtz

**18:00 Aanddiens**

Immanuel van Tonder

### Voorbidding:

Kobus en lanette van Eeden en familie, Kings Highway 410, Lynnwood, 083 285 0890 – Kobus se ma oorlede.

Koos le Roux, Northside 435, Lynnwood, 076 723 3575 – Zuid-Afrikaans Hospitaal.

Jongmense wat die Seekamp hierdie week bywoon.

Benodig jy 'n besoek van 'n predikant of weet jy van iemand wat besoek benodig? Skakel asseblief die kerkkantoor.

18 November 2018

Jaarlikse Gemeenteverjaarsdag-potjiekos-ete.

24 November 2018

Aand-Kersmark vanaf 17:00 tot 21:00!

29 – 31 Maart 2019

#Imagine

Meer inligting volg!

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die diens vir enige navrae.

# Kontak van die week: "What you see is what you get"!

"What you see is what you get" is een van die grootste geheime van ouerskap (en ook van interpersoonlike verhoudings). Die manier waarop jy oor jou kinders dink en na hulle kyk, het die grootste invloed op hoe hulle hul eie identiteit vorm. Jou prentjie van jou kind het 'n invloed op hoe hulle selfpersepsie vorm en kom dan ook na vore in hulle gedrag.

Wat sien jy as jy na jou kind kyk? Sien jy 'n stoute, ondeunde kind wat net moeilikheid soek en kreatiewe planne uitdink om jou te frustreer? Die prentjie in jou kop sal dan veroorsaak dat jy heeltyd soek na maniere om jou kind uit te oorrê met hulle ondeunde planne. Jy sal heeltyd op jou hoede wees vir 'n volgende misstap om net korreksies aan te bring. Jou kind sal dié ingesteldheid duidelik aanvoel en self begin glo dat hy/sy 'n ondeunde karnallie is en dit bevestig in sy optrede. Die spiraal van jou kyk, hulle fyn waarneming en reaksie word 'n selfvullende profesie (*self-fulfilling prophecy*).



Mens kan die aansteeklike emosies en denke raaksien as jy met 'n baba kommunikeer. Glimlag vir die kind en jy kry 'n glimlag terug. Kyk na die aangrypende video op [www.youtube.com](http://www.youtube.com) van 'n mamma wat 'n hartseer lied sing waarna die baba sommer begin huil. (soek na die video met woorde "emotional baby" op youtube <https://youtu.be/e3xqg-5lxIQ>). Ons emosies en denke is aansteeklik!

As jy na jou kind kyk met 'n positiewe persepsie dat hulle **weselik goed** is, sal jou kind anders oor hom- of haarself begin dink en na gelang daarvan optree. Wanneer jy tekens van dié weselike goedheid raaksien, kan jy dit uitwys en bevestig soos byvoorbeeld: "Ai, jy is darem so 'n vriendelike kind!" Jou kind hoor dit en glo dat hy/sy vriendelik is, dan tree hy/se vriendelik op. So word 'n positiewe spiraal gevorm wat telkens versterk word deurdat jy die positiewe raaksien en bevestig.

Ons moet nie dink kinders is dom nie. Hulle kan ons dieper intensie haarfyn lees, al probeer ons voorgee. Die kernvraag is hoe jy werklik oor jou kind voel? Desmond Tutu het gesê: "**People are fundamentally good. We are made for love, for generosity, sharing and compassion, for transcendence...we are made to reach for the stars.**" Glo jy dit van jou kind? En van jou man/vrou?

As jy ruimte maak vir die spirituele in jou lewe, is daar 'n verdere verdieping in jou verhoudings, omdat jy jou kind uit 'n spirituele hoek benader. Ons glo dat God mense na sy beeld geskape het. As jy dus dieper kyk sal jy God se vingermerke iewers raaksien. Soms voel dit of die kind so stout is dat daar niks te sien is van God se beeld nie. Dan wil ek jou aanmoedig met die woorde van Grafiki uit The Lion King: "**Look harder! Look harder!**" Jy sal God in jou kind begin raaksien.

In die praktyk beteken dit dat jy heeltyd soek na tekens van positiewe identiteit in die mense om jou. Wanneer jy dit sien, gryp jy die oomblik aan om dit te bevestig en te versterk. Ek weet van iemand wat op 'n dag vir sy kind 'n fiets gekoop het, omdat die kind besondere geduld vertoon het. Dit is 'n gebeurtenis wat die kind nooit sal vergeet nie. Sy fiets herinner hom heeltyd dat hy 'n geduldige kind is. Ons gee baie kere belonings vir skool- of sportprestasies, maar die grootste prestasies lê in karaktervorming en emosionele intelligensie. Beloon dit eerder!

Om met nuwe oë na jou kind of ander mense te kyk, is die grootste belegging wat jy in ander kan maak. "*What you see, is what you get!*"

Groete  
Immanuel van Tonder  
(namens die Predikantespan)